## 12. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

## Abraham moet vir Isak gaan offer – Genesis 22:1-19

Die tyd het verby gegaan en Isak het 'n groot, sterk seun geword.  Abraham was trots op hom en het hom baie lief gehad.  Maar eendag het God vir Abraham getoets om te sien of hy Isak liewer het as vir God.

"Vat vir Isak, vir wie jy so lief is, en gaan offer hom vir My op die plek wat Ek vir jou sal wys," het God gesê.

Vroeg die volgende oggend het Abraham 'n donkie opgesaal.  Hy het hout gekap vir die vuur.  Hy het twee van sy slawe en sy seun gevat en vertrek.

Toe hulle al drie dae lank op die pad was, het Abraham 'n berg in die verte gesien.  Hy het geweet dat dit die plek was waar hy Isak moes gaan offer. Die twee slawe het by die donkie gebly en Isak het die hout teen die berg opgedra.  Abraham self het die brandende kole en die slagmes gedra.

"Pa, waar is die lam wat ons gaan offer?" het Isak gevra.

"God sal hom vir ons gee," het Abraham geantwoord.  By die plek wat God vir hom gewys het, het Abraham 'n altaar gebou.  Hy het die hout op die altaar neergesit.  Daarna maak hy vir Isak vas en lê hom op die hout neer. Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes.  Maar die Engel van die Here het na hom van die hemel af geroep en gesê: "Sit neer die mes.  Ek weet nou dat jy My bo alles dien."  Toe sien Abraham daar naby 'n ram met sy horings in 'n bos vasgevang.  Hy het toe die ram in plaas van Isak geoffer.  Abraham het daardie plek die Here sal voorsien genoem.

God het toe weer vir Abraham gesê hoedat Hy hom sou seën met baie kinders en kleinkinders, en Abraham het teruggegaan na sy huis.

## 12. Abraham moet vir Isak gaan offer – Genesis 22:1-19

**Inleidende aktiwiteit:**

Blinddoek almal of vra hulle om hulle oë toe te maak en nie te loer nie. Hulle moet hulle monde oopmaak, want jy gaan vir hulle iets gee om te eet. Terwyl hulle so sit, vra vir hulle of hulle jou vertrou. Wat as jy dalk 'n vrot appel of wurm het wat jy vir hulle wil voer? Plaas nou 'n lekkertjie/koekie of 'n ander lekkerny in elkeen se mond.

**Vra:**

- Hoe het dit gevoel om my te moet vertrou al het julle nie geweet wat ek sou doen nie.?

Abraham het God vertrou al het hy nie geweet of verstaan wat God van plan was om te doen nie.

Lees nou saam die Bybelstuk – Abraham moet vir Isak gaan offer

**Vrae:**

1. Wat het God vir Abraham gesê om te doen? (Om vir Isak te gaan offer.)
2. God wou nie regtig hê dat Abraham vir Isak doodmaak nie. Hoekom het God dan vir Abraham gesê om Isak te gaan offer? (Hy het Abraham se geloof getoets.)
3. Wat het Abraham in die plek van Isak geoffer? ('n Ram)

**Aktiwiteit:** Gesels 'n bietjie saam oor watter dinge daar kan wees wat vir mense belangriker is as God. Waarvoor kan mense liewer wees as God. (Televisie, sport, ander mense, om beroemd te wees.)

**Gesels saam:**

- Is daar dalk iets wat jy moet opoffer om God beter te kan dien? (Bv minder op jou selfoon te wees en daardie tyd te gebruik om Bybel te lees, minder televisie kyk en meer bid, ens.)

**Gebedsgids:**

- Vra God om jou te help dat niks vir belangriker as Hy sal wees nie.